# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 17/02 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Vroeë skoolsluiting: Maandag, 20 Februarie:**
   Die skool verdaag Maandag, 20 Februarie, om 12:45 a.g.v. 'n modereringsvergadering van die personeel in Kareedouw. Al 9 periodes sal gevolg word, maar met aangepaste tye.

2. **Finansies:**
   - Die ouditeure vereis dat ALLE GELDE rakende skool- en sportaangeleenthede in die skool se rekening gedeponeer moet word en 'n kwitansie vir ontvangstes uitgereik moet word.

     Betalings vir aankope vir bv. sportgeleenthede, moet ook in die skool se boeke gewys word; dus sal betalings gedoen word nadat 'n magtiging en gepaardgaande faktuur ontvang is.

   - **SKOOLGELD**
     - Skoolgeld beloop **R1 200,00 per maand vir 10 maande,** betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 000,00 per jaar**)
     - Geen glyskaal vir aantal kinders.
     - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R935,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
     - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R10 800,00** (voor 31 Jan 2023)
     - Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

     Aftrekorders: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en 'n afskrif aan die skool voorsien. Ouers moet onthou om bedrae van aftrekorders te verander.

     Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2023. Die eerste skoolfondsrekening vir 2023 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen, aangesien ABSA nie meer 'n tak op Joubertina het nie, en kontant 'n probleem raak. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant betaal word.

     **Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is by beskikbaar my mev. Mattheus. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig wees.**

   - **BUSGELD (per kwartaal):**

     Daaglikse roete

     | | |
     |---|---|
     | Misgund | R2 440 |
     | Louterwater | R2 180 |
     | Krakeel | R1 920 |

herotel

Busgeld vir die eerste kwartaal moet so spoedig moontlik vereffen word. Busgeld is vooruit-betaalbaar en indien dit nie betaal is nie, mag die betrokke leerder nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

3. **Skoolklere:**
   Skoolbank tye: Dinsdae en Donderdae
   14:30 – 15:00
   Geen skoolklere sal gedurende skoolure verkoop word nie.
   Bring asb u kind saam wanneer klere gekoop word.
   EFT-betalings : geen skoolklere sal gegee word sonder betalingsbewys nie.

4. **Redenaars:(ATKV)**
   Die sluitingsdatum vir deelname is 24 Februarie.

5. **Sport:**
   - Atletiek:
     Die hoërskoolatlete het Saterdag, 11 Februarie, aan die CLC-atletiekbyeenkoms deelgeneem. Ons atlete het besonder goed gevaar. Hoërskool McLachlan spog met:
     - 10 eerste plekke
     - 12 tweede plekke
     - 9 derde plekke

   Dié atlete het 16 Februarie aan die Sarah Baartman-byeenkoms in Port Elizabeth deelgeneem.

   ***Netbal:**

   Maandag, 20 Feruarie, neem o/12 & o/13 aan die Koukammaproewe deel. Dit vind by Mclachlan sportveld plaas. Spelers moet in wit geklee wees. Proewe begin om 14:00.

   Woensdag, 22 Februarie, neem o/14 tot o/18 aan die Koukammaproewe deel. Dit vind plaas by Paul Sauer se sportveld. Spelers moet in wit geklee wees. Die bus vertrek om 13:00 vanaf die skool.

   *Krieket:

   Maandag, 20 Februarie, speel die o/13's teen Laerskool Victory in Jeffreysbaai. Bussie vertrek om 12:30. Dinsdag, 21 Februarie, speel die o/11's teen Laerskool Victory in Jeffreysbaai. Bussie vertrek om 12:30.

   *Tennis:

   Hoërskool meisies speel Dinsdag, 21 Februarie, teen Hoërskool D.F.Malherbe tuis.

   Hoërskool seuns speel Donderdag, 23 Februarie, teen Muir Kollege tuis.

6. **Landsdiens:**
Ons eerste kamp vind vanaf 3 – 5 Maart by die VCSV- kampterrein te Jeffreysbaai plaas. Kostes beloop R550 vir die hele naweek. Inskrywingsvorms is by juf. Simoné beskikbaar.

Die landsdiens en ATKV- lede gaan die dorp ‘n bietjie wit verf. Saterdag, 25 Februarie, gaan die twee organisasies die Joubertina naam teen die berg gaan verf. Indien daar enige mense is wat saam met die organisasies wil gaan verf, kan julle gerus die skool kontak.

7. **Gelukwense:**

*Baie geluk aan Nicky Muller (gr.5) wat gekies is vir die o/11- Edentennisspan vir 2023. Ons is baie trots op hierdie groot prestasie en wens hom alles van die beste toe.

8. **Bedankings:**

Die personeel van Hoërskool Mclachlan wil asseblief vir mevrou Rika Boshoff hartlik bedank vir die pragtige breekware wat sy vir die skool geskenk het. Dit word opreg waardeer.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit